DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL XIII. MAANDAG 31 MAART 1958 NR. 3

# Uniale A.S.B.-Kongres vanjaar te Potchefstroom


## 350 AFGEVAARDIGDES VERWAG

OP 2 APRIL sluit die P.U. vir die Aprilvakansie en dan sal die Puk feitlik 'n gedaanteverwisseling ondergaan. Die plaaslike A.S.B.-tak sal alles in gereedheid bring vir die op hande synde A.S.B.-kongres. By die ingang van die Normaal, by P.U.se hoofingang en in die Fisika-laboratorium se hoof-voorlesingsaal, sal groot baniere van verwelkoming vir die besoekende gaste opgerig word.

In die middelpunt van die bedrywighede tydens die vakansie staan die **A.S.B.-kongres.** Hierbenewens vind die **Kultuurfees** en die **Fakulteitskonferensies** plaas, waarby die universiteite van Stellenbosch en U.O.V.S. ongelukkig nie verteenwoordig kan word nie. Die kongres vind in die lesingsaal van die Fisika-laboratorium plaas, die Fakulteitskonferensies vind in verskillende kamers van die hoofgebou plaas en die Kultuurfees in die hoofsaal van die Onderwyskollege. Die kongres duur van Maandag 7 April tot Vrydag 11 April.

**DIE OPENINGSAAND:**

Die openingsaand is Maandagaand 7 April. Tydens die openingsplegtigheid word woorde van verwelkoming gerig deur die S.R.-voorsitters van Normaal en P.U.: Mnre. Henry Stone en Dirk Postma, asook deur die onderskeie rektors Prof. Daneel en Prof. Coetzee. Daarna tree as hoofspreker op die rektor van die Universiteit van Suid-Afrika, Prof. Pauw. Die onderwerp van sy toespraak neem tegelykertyd die sentrale tema van die kongres aan: Die student van Suid-Afrika.



**Mnr. Dirk Postma, S.R.-voorsitter van P.U. wat vir die derde keer sy universiteit op die A.S.B.-kongres verteenwoordig.**

**DIE A.S.B.-KONGRES:**

Vanaf Dinsdag is die verrigtinge in volle swang. Die kongres self neem 'n aanvang met die indiening van die takverslae van die verskillende A.S.B.-takke. Die prosedure sal dan verder as volg wees: uit hierdie verslae vloei besprekingspunte voort, asook uit die verslae van die verskillende departemente van die A.S.B. Op gesette tye sal daar onderbreking van hierdie besprekings wees, wanneer aan elke tak geleentheid gegee sal word om 'n lesing oor die onderwerp „Die Student van Suid-Afrika" te lewer — by dié geleenthede is die publiek hartlik welkom. Verder sal ook tyd aan besprekings gewy word betreffende probleme wat in die vergadering self ontstaan asook die A.S.B. se verhouding tot N.U.S.A.S., die buiteland, ens.

**DIE FAKULTEITS-KONFERENSIES:**

Elke fakulteitsafdeling sal 'n sekere lys van onderwerpe hê om te behandel, waarvan een tak een besondere aspek behandel van die sentrale tema van daardie fakulteit.

**DIE DOEL:**


Daar word besef dat die A.S.B.-kongresgangers almal studente is wat 'n akademiese verband het. Elkeen is 'n selfstandige student met 'n eie gedagterigting en daarom is die doel wat beoog word met hierdie konferensies die vrugbare wisseling van gedagtes, die uitruiling van idees en die opening van nuwe perspektiewe. Dit is dan ook terselfdertyd 'n geleentheid om verworwe kennis mee te deel en nuwe belangstelling betreffende akademiese aangeleenthede te wek.

**DIE KULTUURFEES.**

Die fees sluit alle kunssoorte in, soos die geval met die A.B.K.K.-kunsfees gewees het. Tydens die week sal die verskillende kunstenaars optree en 'n soort van 'n siftingsproses gedoen word. Die room van die kunstenaars tree Vrydagaand in 'n konsert in die hoofsaal van die Normaal op. Hiérdie beloof 'n besondere hoogtepunt van die verrigtinge tydens die kongres te wees. Hier word geleentheid aan die publiek gebied om die hoogste talent aan ons universiteite en onderwysinrigtings te sien.

**PERSOONLIKHEDE:**

Hierdie is die tiende jaarkongres van die A.S.B. en die tweede een wat op Potchefstroom plaasvind. Dit is 'n besondere geleentheid waaraan groot publisiteit jaarliks deur pers en radio verleen word. Die verteenwoordiger van die S.A.U.K. is Mnr. Frikkie Kraamwinkel van Durban. Onder belangrike persoonlikhede wat uitgenooi is, is die S.R.-voorsitter van Wits, die president, mnr. Trevor Coombie, en onder-president van N.U.S.A.S. Lg. persone is slegs in waarnemende hoedanigheid aanwesig, maar dit openbaar vir die eerste keer 'n nouer mate van samewerwing tussen twee heeltemal verskillende denkrigtings.



**Mnr. Johan van der Vyver. Vir die tweede agtereenvolgende jaar president van die A.S.B.**

Daar word ook beoog om 'n naturelle-spreker — 'n inspekteur van Bantoe-onderwys in Transvaal — by die kongres te laat optree met 'n lesing.

Op die A.S.B.-kongres sit voor: die president, mnr. J. D. v. d. Vyfer van P.U., wat tans in sy tweede ampstermyn verkeer. Die onder-president is Mnr. De Vries van U.P., en die sekretaris mnr. Koos Pretorius van U.O.V.S.

Mag die 10e jaarkongres van die A.S.B., wat in 1948 uit die A.N.S. herstig is, soos sy voorgangers 'n groot sukses wees en veel bydra tot beter verhoudinge tussen universiteit en universiteit, tussen denkrigting en denkrigting, met wat elkeen afsonderlik voorstaan. Mag die A.S.B.-kongres van 1958 op Potchefstroom baie help tot die bevordering van gemeenskaplike sake rakende die Afrikaanse student aan ons Universiteite.

J. M. Krüger

KOM KYK BY . . . .
**J. HEIDEMA**
**FOON 364** - - - - - - - - - - **KERKSTR. 48,**
**POTCHEFSTROOM**
- FIETSE,
- BROMFIETSE,
- MOTORFIETSE,
- TIKMASJIENE, ENS.

**Drink die beste!**
- PEP-A-GUAVA
- PEP-A-DILLA
- TING-A-LING
- TOPHAT

**S & S**
Drink
- SUPER ORANGE
- FRESH ORANGE

**Foon 16 en 1144 - - - - Posbus 134**
**POTCH MINERAL WATERS**

**Sanlam**
DIE WAARBORG VIR UITKOMS
VIR U EN U GESIN!
**Verteenwoordig deur —**
Wyksbestuurder: **W. J. S. COETSEE.** **Tel. 106**
Huisadres: **Hoffmanstraat 84,**
Kantoor: **H/v. Kerk- en Lombardstraat.**

**MALAN MEUBILEERDERS**
KERKSTRAAT 112,
Telefoon 2157
POTCHEFSTROOM
**KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!**

**WESTVAAL**
**Studente!**
VIR KWALITEIT
DROOGSKOONMAAK
STUUR NA
**WESTVAAL**

Die Wapad
**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**
Maandag 31 Maart 1958

**REDAKSIE EN ADMINISTRASIE.**
HOOFREDAKTEUR - - - - - - - - - - - Andries Myburg.
ONDER-HOOFREDAKTEUR - - - - - - - - Johan Coetsee.
NUUS - - - - - - - - - - - - - - - - - Jan v. d. Schyff.
INTER-UNIVERSITÊRE-AANGELEENTHEDE - - Chris Coetsee
KUNS - - - - - - - - - - - - - - - - - Riekie Dekker.
SPORT - - - - - - - - - - - - - - - - De Wet Krüger.
VARIA - - - - - - - - - - - - - - - - Susan Roets.
TEGNIESE-ADVISEUR - - - - - - - - - - - Dries Yssel.
FOTOGRAAF - - - - - - - - - - - - - - Hannes v. d. Walt.
PENNINGMEESTER - - - - - - - - - - - - Hans van Zyl.
ADVERTENSIEBESTUURDER - - - - - - - - Eike Howaldt.
SIRKULASIEBESTUURDER - - - - - - - - - - Leon Swart.

# Via Eenheid na Oorwinning

VANAF 7 tot 11 April sal die besondere eer die Puk en die Pote te beurt val om gesamentlik die gasheer te wees van die grootste jaarlikse studentesaamtrek in Suid-Afrika en meer nog, vanjaar die grootste sodanige byeenkoms in die geskiedenis van inter-universitêre samekomste. Daarom betaam dit om langs hierdie weg nou reeds 'n vriendelike woord van hartlike welkom te rig aan die drie- tot vierhonderd studente van dwarsoor ons land, wat die A.S.B.-kongres, kunsfees en fakulteiskonferensies sal bywoon, asook om die A.S.B. by geleentheid van die herdenking van sy tiende bestaansjaar opreg geluk te wens.

Maar dit betaam ook om op die vooraand van die heuglike geleentheid te vra na die doel en betekenis van die aanstaande verrigtinge.

Die byeenkoms van soveel Afrikanerstudente van die verskillende geaffilieerde hoëropvoedkundige sentra, moet nie alleen die simbool wees nie, maar ook die daadwerklike uitlewing wat spruit uit hulle gemeenskaplike kultuur-historiese agtergrond soos beliggaam in die christelik-nasionale grondslag van die Bond. Want daardie eenheid is 'n noodsaaklike voorvereiste vir 'n kragtige bydrae tot die toepassing van die grondslag en uitlewing van die doelstellinge van die A.S.B. Slegs met die besielende krag wat uit die eenheid spruit, kan die A.S.B. aan sy edele roeping as organisasie en mondstuk van die Afrikanerstudent, reg laat geskied en kan hy sy volwaardige bydrae lewer in belang van sy lede, maar ook van die nasie en land wat hy dien; kan hy dus op die komende kongres met vrugbare gevolg bespreking voer oor die probleme van student en volk en meer bepaald oor die vraagstukke op die gebied van sy tema, nl. ,,Die Student en Suid-Afrika", waardeur hy die taak en roeping, enersyds van die student en universiteit en andersyds van die A.S.B., as sodanig en ten opsigte van die verskillende nasionale en ander vraagstukke, nader wil omskryf, sodat ook hierdie kennis naas die vrugte van die reedsondersoekte temas, t.w. die rassevraagstuk, die ekonomiese posisie van die Afrikaner, die republikeinse volkstrewe, die Afrikaner en die buiteland, ens., 'n mylpaal op en kern van die weg na oorwinning sal word.

Uit **EENHEID** dus, put die A.S.B. die **KRAG** wat tot **OORWINNING** sal lei.

(Vervlog op bls. 3)

## Oordenking

# DIE ONBEKENDE BEKENDE

**Teks: Lukas 22: 55.**

BEKEND en tog onbekend. 'n Snaakste teenstelling, en tog is dit inderdaad nie so snaaks nie. Ons ken iemand, ons weet alles van hom of haar af, ons loop saam met daardie persoon klas, maar tog maak ons of ons die persoon nie raaksien nie. Ons probeer ook nie met hom vriende maak nie. Ons wil nie graag in sy geselskap gesien word nie. Miskien is hy benede ons sosiale posisie . . . of miskien is daar iets in daardie persoon wat ons nie aanstaan nie.

Ook Christus is aan Petrus bekend, maar tog maak hy asof hy Hom nie ken nie. Toe Jesus na die huis van die hoëpriester gebring word, volg Petrus Hom van ver af. Nie naby nie, want hy is bang, bang dat die mense hom dalk ook as een van Jesus se volgelinge mag aansien, bang dat hy ook gevang kan word. Petrus, die voortvarende, ly aan mensevrees. Hy ken Jesus, maar hy wil nie graag in Sy geselskap gesien word nie. Petrus weet dat Jesus die enigste en volkome Saligmaker is wat hom van sy sondeskuld verlos, en daar word nou ook aan hom die volle geleentheid geskenk om dit te bely waar hy hier by die vuur sit. 'n Rukkie van te vore het hy nog gesê: „Here, ek is gereed om saam met U selfs in die gevangenis en in die dood te gaan."

Pragtige woorde, maar dit is die woorde van iemand wat 'n oormaat selfvertroue besit, iemand wat God vergeet het en op sy eie vermoëns steun.

Wat 'n patetiese figuur moes Petrus nie geslaan het toe hy daar by die vuur gesit het nie. Netnou wou hy nog saam met Jesus selfs die dood tegemoet gaan, en nou wil hy niks van Hom weet nie, hy maak asof hy Hom glad nie ken nie.

En die rede? Petrus is bang noudat hy met die daad moet bewys dat hy sy woorde van straks ernstig en opreg bedoel het. Hy wil Jesus nie ken nie, want hy is bang vir die hoon en die spot en die vuisslae. So gaan dit met iemand wat net op homself vertrou, wat vergeet dat hy slegs deur die genade van God in sy geloof staande kan bly.

En tog is die genade van God so groot dat hy na sy eerste verloëning nog 'n rukkie, en na sy tweede verloëning nog 'n uur kans kry om homself te besin. Maar Petrus is bang. Hy ken Jesus, maar dit lyk tog soveel veiliger tussen hierdie klomp rowwe spotters rondom die vuur, as om saam met Christus die hoon en die spot daar in die huis te verduur. Hier sal die mense hom tog nie aanrand soos wat hulle Jesus daar met die vuis slaan en verneder nie.

Hoe groot die sonde van Petrus ookal is, die genade van die Here is nog groter. Petrus verloën Hom driemaal, en dan draai Jesus Hom nog om en kyk Petrus aan. Daardie blik herinner Petrus aan sy sonde. Dit roep hom tot skuldbelydenis. Maar daardie blik sê ook aan hom dat daar nog vergewing is as sy berou opreg is. Petrus se berou was opreg, en daarom word sy skuld ook vergewe.

Ons is vandag bevoorreg om te studeer aan 'n Christelike universiteit, ons is bevoorreg om te verkeer in 'n Christelike studentegemeenskap waar die wetenskappe beoefen word in die lig van God se Woord en in die lig van die versoeningswerk van Christus.

Maar die vraag is, is ons nog bereid om ons Christelike beginsels uit te leef? Hoeveel keer staan ons ook nie daar in die kring van diegene wat openlik met die Naam van Christus spot nie, deur dit in hulle daaglikse gesprekke te gebruik nie? Hoeveel keer spot ons nie saam met hulle wat direk die Naam van Christus verloën nie?

Ons is bang. Ons praat maar saam, want, „wat sal die mense sê, wat sal my vriende sê?" Ons verloën Christus, want ons wil nie graag hê ons vriende moet dink ons is oudmodies en bekrompe nie. Ons wil nie graag te eng in ons lewensopvattings wees nie.

Ons moet onthou dat ons Jesus verniet soek daar by Petrus en daardie spotters om die vuur. Christus verkeer nie saam met diegene wat die genietinge van die wêreld aanbid nie. Christus is by Golgota en die weg oor Golgota heen is 'n weg van offerande, ontbering, vervolging en lyde, en hierdie weg kan ons slegs deur die genade van God en die leiding van die Heilige Gees volg.

Ons lewe hier op aarde moet so wees dat dit tot eer van God is. „Kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees." — Amen.

T. J. J. Kruger




Von Wiellightstraat 39,
Potchefstroom.
26 Maart 1958.

Geagte Pukke,

Die eerste kwartaal is reeds agter die rug en nou lê 'n aangename „langnaweek" voor die deur.

Langs hierdie weg wil die redaksie u 'n aangename vakansie toewens. Sommige van u bly hier vir die A.S.B.-kongres: mag dit 'n vrugbare kongres wees wat vir uself, u Alma Mater en ook vir u volk van groot waarde sal wees. Alle sterkte word u ook toegewens met die gasheerskap.

Wat die Kultuurfees betref: hou die Puk se naam hoog soos in die verlede. Ons weet julle kan.

Maar daar is ook 'n klompie studente wat die vakansie gaan gebruik waarvoor hy eintlik gegee is; nee, dit is nie vir 'n bietjie ekstra studie nie! Geniet die laat slaap en Mamma se heerlike kos.

As u van plan is om hierdie vakansie met die boeke te worstel en aan hulle te wys wie is baas, ook daardie tyd is nie verkwis nie.

Voordat ons nou regtig in die vakansiegees kom wil ek graag nog iets onder u aandag bring. As u miskien van plan is om u gedagtes in gedrukte vorm in „Die Wapad" te laat verskyn, laat ons dan asseblief u pennevrug in getikte vorm van u ontvang, anders sal dit nie in aanmerking kom nie.

Dankie vir die mooi samewerking.

Andries Myburg. (Hoofred.)

„Waarom sal jy loop as jy kan ry? . . . ."
('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger)
BESPAAR TYD, KRAGTE en SKOENE deur 'n FIETS aan te skaf.
•
**C. van der MERWE**
**FIETSHANDELAAR**

**PRESIDENT CAFE**
**GRAND CAFE**
and
**Van Riebeeck Cafe**
for:
• SWEETS,
• GRILLS
and
• COOLDRINKS.

**J. TOD SUTTIE**
KOMPLETE MANSUITRUSTERS
Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.
**Kerkstr. 177 - - - Telefoon 1**
**POTCHEFSTROOM**

DAMES en HERE!
Besoek . . . . . .
**„DIE BULT HAARKAPPERS"**
VIR 'N NETJIESE HAARSNY
**Tomstr 86A - - - - Foon 1486**
(Eienaar — G. Schoonhoven)

**MOOIRIVIER-APTEEK**
Kerkstraat 205,
POTCHEFSTROOM
Telefoon 380.
**Die Apteek vir Diens!**

### SLOT — „VIA EENHEID NA OORWINNING"

Aan die P.U.-afvaardiging wat nie alleen 'n mededraer moet wees van die A.S.B.-idee nie, maar ook die draer van ons spesifiek-Calvinistiese beskouing en aard, kom toe 'n woord van sterkte wat u Alma Mater u met vertroue toewens.

J. D. van der Vyver.

# Terugkeer van epidemie amptelik bevestig

## EKSKLUSIEWE ONDERHOUD MET DR. F. L. IEKVLOOI

**TYDENS 'n persoonlike onderhoud het dr. F. L. Iekvlooi ons korrespondent meegedeel dat die eerste slagoffers van 'n ou-bekende epidemie hulleself gedurende die afgelope week by sy spreekkamers aangemeld het. (Lees onderstaande berig vir verdere besonderhede).**

Tye is boos . . . het Satellietie nukkerig besluit toe sy Saterdag skuins voor teetyd vir die vierde agtereenvolgende oggend met die verkeerde voet uit die bed klim. Dis al erg genoeg as 'n mens voel soos 'n pampoenspook wie se kersie doodgewaai het, maar wanneer jy vir jouself daarna begin lyk ook, het die tyd aangebreek om daadwerklik op te tree.

'n Halfuur later bevind ons neerslagtige heldin haarself dus in die ruim, moderne spreekkamer van ons plaaslike studentevriend en sielkundige adviseur.

**Dr. F. L. IEKVLOOI se diagnose** was kort en saaklik: „BUNKAAITIS" . . . die einste hulpsiekte wat die (lang) arms van die Akademie probeer boikot het, in medewerking met 1957 se koeliegriep.

„BUNKAAITIS" word veroorsaak deur 'n kiem of virus wat, veral by studente, dwarsdeur die jaar in sy latentevorm aanwesig is. Teen die einde van elke kwartaal egter, tree 'n sorgwekkend aktiewe periode in, soos nou die geval blyk te wees.

Die inkubasieperiode kan van drie tot nege minute duur, en in die meeste gevalle tree die telefoon as gasheer op . . .

Kragtens sy duidelike simptome, is die siekte maklik herkenbaar en kan deur besliste optrede in die kiem gesmoor word, aldus prof. S. P. OILSPORT, 'n vennoot en medewerker van ons adviseur. (Die professor is reeds anderhalf maande werksaam aan navorsing op die gebied).

DR. F. L. IEKVLOOI meen vervolgens dat die simptome van traagheid, lusteloosheid en chroniese verveeldheid op akademiese gebied in werklikheid 'n sielkundige oorsaak ten grondslag het: lg. is naamlik 'n knellende angsneurose, wat voortspruit uit die feit dat die komende vakansie geleentheid bied om stapels agterstallige werk in te haal.

Na die eerste simptome volg 'n oorgangstadium, wanneer die pasiënt knaende neigings toon om sy namiddae, van twee- tot vyfuur in die dorp deur te bring. Namate die siekte veld wen sal die simptome natuurlik verhewig (so ook die toestand regoor die C.N.A.) totdat die krisis intree, wanneer genoemde pasiënt nouliks met etenstye terugkeer koshuis toe. Laasgenoemde tydperk is die gevaarlikste en veral die aansteeklikste, en as dit nie betyds gekeer word nie, sal komplikasies soos akute bankrotskap die slagoffers oorval.

**Prof. S. P. OILSPORT se voorsorgmaatreëls:** (vir die f - - - s wat belangstel).

'n Teenmiddel is nog nie gevind nie, maar 'n veertiendaagse kwarantynperiode, wat deur elke student in sy tuisdorp deurgebring sal word, behoort toestande ten minste tydelik op te klaar. Studente word gewaarsku teen sosiale neigings, want statistieke bewys dat alleenlopers relatiefgesproke minder vatbaar is.

---

(Beide Dr. F. L. Iekvlooi en Prof. S. P. Oilsport het hul opleiding geniet (!) en voltooi aan die T.N. v. A.S. (Tarentaalse Navorsingsinstituut vir Aansteeklike Siektes. Die Professor verwag egter om eersdaags na Fochville verplaas te word).

---

### (SLOT)
### DIE WAARDE VAN MUSIEK.

soos bv. die eerste gedeelte van Beethoven se „Maanlig"-Sonate, sagte en vloeiende kamermusiek soos trios en kwartette van Schubert, Beethoven en Haydn, ens. Hierdie musiek het 'n ontspannende uitwerking op die spiere, asemhaling en bloedsomloop. Dit verlaag ook die bloeddruk sodat persone wat aan emosionele hoë bloeddruk ly, baat hierby behoort te vind.

Verder word musiek nog gebruik om ander behandelingsmetodes soos bv. elektriese skokbehandeling, Insulinbehandeling, ens. aan te vul. Hierdie behandelingsmetodes vind aansienlike baat by die oordeelkundige gebruik van musiek.

Musiekterapie beklee vandag 'n belangrike posisie in die meeste hospitale, klinieke en selfs fabrieke. Elke dag word meer poginge in die werk gestel om 'n deeglike en georganiseerde program van musiek vir elke doel op te stel en op die oomblik staan ons op die drumpel van grootse ontwikkelinge op hierdie gebied.

C. D. Roode.

# Satellietie se maanskynhoekie

SATELLIETIE EN KUPIDO het die afgelope naweek besoek ontvang van 'n bedeesde en hoogsbedremmelde Draak wat o.a. wou weet of „gewaste drake ôk kan kys". Ons sal nie sy naam bekend maak nie, maar aangesien sy besondere probleem egter in alle waarskynlikheid 'n aansienlike gedeelte van ons studentegemeenskap raak, (en nou bedoel ons nie noodwendig die skoner geslag nie), het ons besluit om dié rubriek daaraan te wy.

Die antwoord was natuurlik: Ja, „gewaste Drake" mag kys . . of hulle egter kán, is 'n saak waaroor ons op dié stadium nog geen uitspraak wil waag nie. Maar toe blyk sy éintlike probleem eers: Hy is naamlik 'n baie skaam jongman, en wil bitter graag die versoek op papier stel; temeer daar die verhewe voorwerp van sy verbeeldingsvlugte hom soos 'n stopstraat „ignore".

Nou, dis eenvoudiger as wat dit klink, en bowendien 'n heeltemal wettige metode, met egter één streng voorwaarde: Die korrespondent moet spykerskrif gebruik.

* * *

Verder wil ons die volgende paartjies hartlik gelukwens met hulle kyse; ons hoop daar sal nog baie wees!

Adreana Hoogenboesem en Eike Howaldt;
Irma Brugman en Schalk Hoogenboesem;
Marie van Dyk en Leon Swart;
Rina Lessing met Wallis van Staden;
Marieta Bruyns en Fanie van der Walt;
Nettie van't Riet en Andries van der Walt;
Sannie Smit en Gerrit Wissing.

Ten slotte, aan almal wat van plan is om Aprilmaand te kom vasstel watter talent hier gaan wees in die vorm van „Merry Widows, Tammy's and Bachelors," hier is waardevolle raad vir die voorspel tot die vakansie:

„Early to bed
And early to rise,
And you'll never see red
In the whites of your eyes."

# April in Potch[ugal]

**SHOWING SHORTLY:**

**(Non-stop entertainment from 8th to 12th April, 1958)**

DOUBLE FEATURE:

- **I. APRIL LOVE;**
- **II. APRIL FOOLS.**

(A moving DRAMA, A.S.B.'s (All Saucy Boys') tragi-comedy in two parts! No. II the most natural sequel in Cinema history, you can't miss it!!) — TECHNICOLOR.

**STARRING:** The High and the Mighty,
**Co-Starring:** Cupid.

**(Children 4—16 not Admitted)**

## Now Showing:

AT THABA'NKULU: „Young and Dangerous" (Dore).
KLAWERHOF: - - - - - „Les Girls" (Cinemascope).
GATHLAND: - - - - - „All the brothers were Valiant". (Musical comedy — starring „Die Badkamerkoor")
POSTMAHUIS: - - - - - - - - - „The Little Hut".
VISDAM: - - - - - - - - „Action of the Tiger(s)" (Background Music supplied by F.W: „Wish you were here . . . ").




## DIE WAARDE VAN MUSIEK AS BEHANDELINGSMETODE BY SOMMIGE EMOSIONELE STEURNISSE EN SIELSIEKTES

DIE gebruik van musiek as 'n terapeutiese behandelingsmetode is so oud soos die geskiedenis self. Reeds vanaf die vroegste tye is daar besef dat musiek 'n wonderbaarlike uitwerking op die menslike psige het. Koning Saul was daar sekerlik bewus van toe hy Dawid laat roep het om vir hom stemmige musiek op sy harp te speel ten einde sy woedebuie te kalmeer. So ook Hipocrates, die groot fisikus, wat sy pasiënte na die tempel geneem het waar hulle musiek kon hoor wanneer geen ander medisyne meer wou hlep nie.

Hierdie vroegste verwysing na musiek as behandelingsmetode vir gedragsafwykings, emosionele steurnisse ens. het as aansporing gedien om meer te wete te kom aangaande die dieperliggende invloede van musiek op die menslike psige. Die waarde van musiek is dan ook die afgelope aantal dekades deeglik besef toe musiek helende invloed gehad het op pasiënte wat aan ernstige oorlogsneuroses gely het. Ook by sommige fabrieke toe produksie die hoogte ingeskiet het toe musiekprogramme oordeelkundig vir die arbeiders verskaf is. Maar dit was veral die byna fantastiese genesing van ene Horace F. wat die moontlikhede van hierdie metode onderstreep het.

Horace was 'n 45-jarige pasiënt wat reeds 9 jaar lank een van die mees gevreesde sielsiektes, t.w. Skisofrenie (gesplete persoonlikheid), gehad het. Alle poginge wat in die werk gestel was om hom van hierdie feitlik ongeneesbare sielsiekte te verlos, was vrugteloos en sy algemene toestand en prognose is as hopeloos aangegee. Die kenmerke van Horace se siekte was dat hy geheel onttrek was van alle werklikheid, daar kon op geen wyse met hom kontak gemaak word nie — sy psige was nie ontvanklik vir indrukke van buite nie. Voordat hy egter die siekte opgedoen het, was hy 'n pianis en het veral van Chopin se klavierwerke gehou. Daar is gevolglik daagliks van hierdie komponis se komposisies aan hom gespeel en die resultaat was merkwaardig. Geleidelik het Horace begin luister, begin belangstel in die musiek en later ook in sy omgewing. Hy het weer mense begin herken en kon later weer aan geselskap meedoen. So merkwaardig was sy herstel dat hy later ontslaan is.

**Die verband tussen musiekgewaarwording en fisiologiese veranderinge.**

Hierdie sukses het miskien direk daartoe aanleiding gegee dat verdere ondersoekinge in hierdie verband gedoen is om veral uit te vind watter **fisiologiese** veranderinge sekere soorte musiek op die mens het.

Musiek in sy volle wese kan ontleed word tot twee basiese elemente, **toon** en **ritme**. Die een sonder die ander is nie musiek nie. Musiek bestaan juis uit die oordeelkundige onderlinge gebruik en aanwending van genoemde twee elemente. Die ritmiese elemente in musiek is veral van die uiterste belang by die verklaring van die fisiologiese aspekte van gewaarwordinge by musiek.

Die mens is 'n ritmiese wese, daar is ritme in die hartklop, in die spraak, in die loop, die asemhaling en die oogwenk. Die hele wese van die mens is ritmies, die serebrale hemisfere is in 'n ewigdurende beweging van ritme. Selfs die geringste liggaamlike beweging soos die wenk van 'n oog, bring 'n verandering teweeg in die ritme van die brein. Hierdie breingolwe verander by emosionele toestande, koorstoestande ens. Ons lewe in 'n ritmiese heelal, die gang van die dae en jare, die gang van die lewe is ritmies en die mensgemaakte ritme is slegs 'n replika van die kosmiese ritme.

Tot watter mate kan ritmiese aspekte van musiek nou die mens beinvloed? Ten einde hierdie vraag te kan beantwoord moet ons eers kortliks die werking en funksie van 'n gedeelte van die brein, bekend as die Talamus, verduidelik. Die Talamus is 'n gedeelte bestaande uit grysstof wat direk onder die korteks lê. Dit is hoofsaaklik verantwoordelik vir die tot standbrenging en inkleding van emosies, sensasies en gevoelens. Selfs word estetiese gewaarwordings vanaf die Talamus na die korteks vervoer d.m.v. senuweebane wat hierdie dele met mekaar verbind. Sodra die korteks gestimuleer word, word impulse terug na die Talamus gestuur wat dan 'n soort van stroombaan in werking stel. Met sommige pasiënte soos senuweelyers, depressiewe en skisofrene persone is dit soms onmoontlik om kontak te maak, m.a.w. die breinkorteks word nie gestimuleer nie. Musiek het egter dié eienaardige uitwerking dat dit die Talamus direk stimuleer wat dan op sy beurt weer die korteks in werking stel en ontvanklik maak vir indrukke van buite. Dit verklaar dalk waarom musiek so 'n ingrypende verandering in die lewe van Horace gemaak het.

Hierdie bevindinge van Ira Altshuler is later deur Prof. Hans Berger bevestig. Lg. was die eerste persoon om uit te vind dat die brein in spesifieke ritmes funksioneer, dat breingolwe in 'n konstante frekwensie voortgebring word en dat hul slegs geaffekteer kan word deur liggaamlike en psigiese toestande. Hierdie twee here het later gevind dat ritme in musiek 'n ingrypende verandering in breinritme en gevolglik in breinfunksie veroorsaak. (As 'n mens aan die fisiologiese uitwerking van ruk-en-rol musiek dink, moet 'n mens hulle ongetwyfeld gelyk gee).

**Vernaamste fisiologiese veranderinge wat met musiek gepaard gaan:**

i) Musiek kan die hartklop aansienlik versnel of verlaag.
(ii) Musiek kan die asemhaling versnel of vertraag.
(iii) Musiek kan die bloeddruk verhoog of verlaag.
(iv) Musiek het 'n uitwerking op die bloedtoevoer na die brein.
(v) Musiek kan veranderinge in die endokrineafskeiding laat plaasvind en gevolglik emosies van verskillende aard laat ontstaan.
(vii) Musiek kan dien as intellektuele stimulasie.

**Toepassing van musiek as terapeutiese metode.**

Ons het nou kortliks probeer aantoon dat musiekgewaarwording gepaard gaan met definitiewe emosionele en liggaamlike veranderinge. Dit is egter belangrik om te meld dat hierdie veranderinge in direkte verhouding staan tot die omgewings-, individuele- en musiekfaktore. Veranderinge wat by 'n persoon intree by die aanhoor van 'n sekere soort musiekstuk, sal dus van genoemde drie faktore afhang. Die enigste van hierdie drie faktore wat eksperimenteel verander en gereël kan word, is nl. die musiekfaktor. Die mees resente ondersoekinge in hierdie rigting handel dus grootliks om die **aard** van die musiek vir elke spesifieke doel.

**By depressiewe persone.**

Persone wat al hierdie neerdrukkende fase moes deurmaak, weet dat daar feitlik altyd 'n gebrek aan belangstelling in die omgewing, huislike omstandighede, vriende, ens. is. Daarmee gepaardgaande ook dikwels hoofpyn, irriteerbaarheid, lusteloosheid, hardlywigheid, swak gesig ens. Vandag word musiek dan ook feitlik deurgaans gebruik om hierdie toestand die hoof te bied. Musiek wat vir hierdie doel geskik is, moet 'n lewendige karakter besit. Die musiek moet deurgaans boei en die aandag hou en die persoon moet so ver gekry word om die ritme saam te ervaar sodat die bloedsomloop verbeter kan word, die asemhaling verhoog kan word en die pols versnel kan word. Musiek wat vir hierdie doel geskik is, is nl. Liszt se 2e Hongaarse Rapsodie, Rossini se Wilhelm Tell Overture, Beethoven se „Egmont” Overture, ens.

**By beangsde en opgewonde persone.**

Hierdie gemoedsaandoening vind gewoonlik uiting in 'n onverklaarbare vrees vir die onbekende met gevolge soos vermoeidheid, pyne in die nek, hoofpyn, rusteloosheid en 'n algemene afgematte gevoel. As hierdie toestand lank duur kan dit natuurlik skadelik wees vir sekere organismes.

Vir behandeling van hierdie gemoedsaandoening moet musiek met 'n baie besliste ritme gekies word. Die ritme of ritmiese motief moet deurgaans ongeveer dieselfde bly. Daarom dat Mazurkas by uitstek geskik is vir hierdie doel, veral dié van Chopin omdat daar ook nog 'n verfrissende melodie aan die konstante ritmiese struktuur gekoppel is.

**Kalmering van woedebuie en behandeling van hoë bloeddruk.**

Woede is seker een van die mees destruktiewe emosies. Dit is dikwels die gevolg van 'n gefrustreerde behoefte. Om hierdie toestand te kalmeer moet musiek met 'n sedatiewe karakter gebruik word. Die eienskappe van sedatiewe musiek is geleë in 'n rustige ritmiese en melodiese vloei

(Vervolg op bls. 4, kol. 1)

# OPLEWING EN BELANGSTELLING TE BESPEUR

DIT wil werklik voorkom asof die Pukke vanjaar „gees gevang" het — **behalwe wat rugby betref!** — te oordele aan die enkele vergaderings wat reeds gehou is.

**KORPS STEL VOORBEELD.**

Daar was die geslaagde simposium wat Korps V.V. onlangs gehou het, wat 'n mens alleenlik goeie vooruitsigte vir dié vereniging laat sien. Op die afgelope debatsvergadering was die entoesiasme weliswaar nie so opvallend nie, maar volgens mededeling vergelyk die belangstelling daar tog gunstig met vorige jare.

**A.S.B. VOLG VOORBEELD.**

Hierdie toedrag van sake was ook by die eerste ledevergadering van die A.S.B. duidelik sigbaar. Die opkoms was bemoedigend.

'n Baie interessante lesing is deur prof. H. L. Swanepoel by dié geleentheid gelewer. Dit het gehandel oor: „Sogenaamde Fundamentele Menseregte." Aan die hand van die vraag: „Wat is fundamentele menseregte?" het prof. Swanepoel 'n toespraak gehou wat beskou kan word as 'n apologie teen die aanvalle van buite die landsgrense en veral van buitelandse juriste, wat nie kan insien dat fundamentele regte ook fundamentele verpligtinge meebring nie. Die mens het die speelbal van sy eie reëls geword. Ten slotte het die geagte spreker gewaarsku teen misleiding t.o.v. fundamentele regte, omdat nie alles wat die mens as sulks beskou, fundamenteel is nie. Daar is 'n ander toets, nl. die Bybel.

**AKADEMIESE VERRIGTINGE:**

Van belangstelling gepraat — tot selfs by die akademiese verenigings blyk daar groter belangstelling te wees. Tydens 'n ledevergadering van die Wysgerige Vereniging (25 Maart) was dit nl. verblydend om so 'n groot aantal belangstellendes daar teenwoordig te sien. Mag dit ook die ander akademiese verenigings se ondervinding wees!

Onwillekeurig kom die vraag by mens op: Vanwaar hierdie oplewing in belangstelling. In die eerste plek hang dit natuurlik af van die belangstelling wat elke Puk-student in sy Alma Mater stel. Aan die ander kant egter blyk dit dat die besture ook grootliks daartoe bydra om die belangstelling gaande te maak deur aantreklike programme en lesings oor aktuele onderwerpe aan te bied. Die saak het dus twee kante.

Mag die samewerking van albei kante — besture en lede — in die toekoms heelhartiger wees as ooit tevore. Die vrugte hiervan sal — vir albei kante — sekerlik nie uitbly nie!

## HIEROOR EN DAAROOR

Om te weet wat jy weet en te weet wat jy nie weet nie, is die kenmerk van iemand wat weet. — Confucious.

* * *

In Sjina staan 'n skoonmoeder bekend as 'n **Po-po.**

* * *

As 'n Eskimo die hut van sy gasheer verlaat, neem hy al die orige kos saam met hom as bewys dat hy die maal ten volle geniet het.

* * *

'n Vrou soek 'n man uit net soos sy inkopies doen — die eerste artikel wat aan haar getoon word, is iets om in gedagte te hou, terwyl sy na iets beters uitsien. — Allen.

* * *

Binne die bestek van een dag, ingenemende slegs die ure waartydens mens wakker is, klop jou hart 103,689 keer, en jy haal 23,040 keer asem. Verder lê die bloed in jou are 'n afstand van nagenoeg 168,000,000 myl af, en jy beweeg 750 belangrike spiere. Jou hare groei .0174714 van 'n duim, en jou naels groei .000046 van 'n duim. Geen wonder dat daar so min energie vir ander werk oorbly nie.

* * *

Daar is 'n rivier **Aa** in Pas de Calais, Frankryk, 'n meer **Oo** en 'n dorp **Oo** naby die Garonne, Frankryk.

**B-L-I-T-Z die naam vir**

→ VOORTREFLIKE WERK,
→ EERLIKE BEHANDELING,
→ GOEIE DIENS.

**Posbus 41 - - - - - - - Telefoon 789**

**CORNER FRUIT STORE**

★

„U KEN ONS!"

**Studente . . . . !**

vir al u
- Handboeke,
- Skryfbenodigdhede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

Besoek ons en wees verseker van Goeie Diens!

**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**

**Kerkstraat 93 — Telefoon 497**

KOM SIEN ONS
vir al u . . . . .

* Fotografiese en
* Aptekersbenodigdhede.

**GEEN & VELLEMAN**
**Kerkstraat,**
**Potchefstroom**

**PRO REGE-PERS Boekhandel en Antikwariaat**

vir al u
WETENSKAPLIKE BOEKE EN SKRYFBEHOEFTES.

●

**Kerkstr. 95 - - - Telefoon 1164**

**J. P. van der WALT APTEEK**


**Kerkstr 161 - - - Potchefstroom**

●

„ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.-KANER!"

Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS!**



VIR BETER FOTOGRAFIE

**Beyers Claassen**

**Lombardstraat - - - - - - Potchefstroom**




## ALABAMA-KEURING

21 Maart 1958.

Meneer die Redakteur,

Met die vooruitsig op die Julie-vakansie is daar alweer begin in alle ywer met die keuring van toergeselskappe.

Nou wil ons graag weet wie is die keurders van die Alabama-toergeselskap. Vir die Musiekvereniging is die keurders gewoonlik Prof. Roode en dr. van der Walt. Vir Thalia is dit dr. Cloete. Wie is nou die keurders vir Alabama? Die bestuur?

Die vraag word gestel: hoe is dit moontlik dat dames wat in die P.U.-volkspelelaer se A-groep speel, nie in aanmerking kom vir die volkspelegroep van die Alabama nie? Is die Alabama se standaard dan so hoog? Dit wil voorkom asof die persone gekies word, nie volgens talent nie, maar wel volgens ander kwalifikasies. Sal die Alabama aan die Puk kan verduidelik?

As bewys van bogenoemde stelling verwys ons na die keuring van 19 deser en die optrede van die „sogenaamde keurders" wat hulle nie bepaal het by die keuring nie, maar waarskynlik by die kwalifikasies.

„Pro-kwalifikasies."

—□—

## A.S.O.-BESTUUR ANTWOORD

26 Maart 1958.

Geagte Redakteur,

Graag antwoord ons op „Pro-kwalifikasies" se eerste vraag dat die A.S.O.-bestuur **wel** die keurders van die toergeselskap is. Volgens konstitusie is **die afrigter en bestuur,** en die **regisseur en bestuur,** by die P.U.-Musiekvereniging en Thalia onderskeidelik verantwoordelik vir die keuring van toerlede. Dit is dus **nie** noodwendig lede van die personeel van die Universiteit wat op die verskillende keurkomitees dien nie, maar wel die **bestuur** plus die betrokke **afrigters.**

By die A.S.O. geskied presies dieselfde. Die **Volkspeleleier,** in sy hoedanigheid as **afrigter** van die Volkspelegroep, en die **Orkesleier,** in sy hoedanigheid as **afrigter** van die Orkes en ander deelnemers aan die program, neem **saam met die bestuur,** die keuring waar. Dus **afrigters en bestuur.**

Ongelukkig is dit ons nie presies duidelik wat „Pro-kwalifikasies" onder **kwalifikasies** verstaan nie. Wat wel in aanmerking geneem word, is kwalifikasies ten opsigte van die betrokke item waaraan potensiële toerlede deelneem, en wel die gehalte wat **tydens die keuring** geopenbaar word.

Verder word, soos enige persoon wat aan 'n soortgelyke toer deelgeneem het, sal kan getuig, die aanpassingsvermoë sowel as die oortuiging van die betrokke persoon in aanmerking geneem. Dit wil sê die **uitlewing** of die **dwarsboming** van die P.U.-beginsels tydens die toer.

Dit is jammer dat „Pro-kwalifikasies" nie sy (hulle) naam bekendgemaak het nie, want blykbaar verkeer hulle enersyds nog in hoogte van sake wat interne aangeleenthede van die onderliggame se besture betref voordat die besture self uitsluitsel oor die saak gegee het, („Pro-kwalifikasies" se brief is geskryf voordat die toergeselskap finaal saamgestel is), en andersyds is hulle beslis nie op hoogte van sake betreffende konstitusies van hulle studenteliggame nie. Ons verneem graag van „Pro-kwalifikasies" in watter notule van Thaliabestuur 1958 dit aangeteken is dat Dr. Cloete as keurder vir Thalia aangewys is.

Nog 'n vraag aan „Pro-kwalifikasies" is, hoeveel toere hy (hulle) al meegemaak het, hoeveel hy (hulle) van toerorganisasie af weet en hoeveel hy (hulle) met toerorganisasie te doen gehad het.

Uit „Pro-kwalifikasies" se brief lei ons af dat hulle **teen** sekere **kwalifikasies** gekant is. Sover ons Latynkennis strek beteken Pro — **vir.** Uit hulle naam lei ons dus af dat hulle **vir** daardie kwalifikasies is. Is dit dan nie kontradiktories nie?

Die A.S.O. probeer wel sy standaard hooghou, maar kan ongelukkig nie alle persone wat goed volkspele speel in ons toergroep insluit nie. Daar was plek vir slegs **twaalf** dames.

Ten slotte verneem ons graag of „Pro-kwalifikasies" dalk self teleurgestelde deelnemers aan die keuring was. Dan wil ons net sê: **Probeer weer volgende jaar!**

A.S.O.-Bestuur.

—□—

N.S. **Studentehandboeke is in die Studenteraadskantoor** verkrygbaar teen 8/6 per eksemplaar!

Posbus 224,
POTCHEFSTROOM.
24 Maart 1958.

Waarde Heer,

Verlede Saterdag staan ek mos in die tou voor die Grandteater, ek staan toe nie al sommer net 'n paar minute daar nie, maar iets soos 'n kwartier lank. Op die stadium waarvan ek nou praat was die kaartjieskantoor al in sig, en was dit nie dat my aster my geselskap gehou het nie, was ek teen daardie tyd al dood.

Ek was nog so lekker besig om te praat met die skoonheid aan my sy toe ek gesteur word deur 'n persoon wat my hier aan my skouer gryp en dadelik eis, ja eis, dat ek tog vir hom 'n paar kaartjies moet koop. Toe ek herstel het van die ergste skok moes ek uitvind dat dit niks meer en niks minder as 'n knapie met 'n groen knopie is nie. Hy het my kleurbaadjie herken as die kleurbaadjie van die Universiteit waar hy nou studeer, en gemeen wel hier is nou 'n ou vriend wat my kaartjies gaan koop. Toe ek hom „vriendelik" daarop wys dat agter in die tou nog plek is, het hy my met 'n vriendelike glimlag meegedeel dat dit tog vir hom soveel minder moeite sou wees as **ek** sy kaartjies koop. Toe hy egter sien dat ek glad nie van plan was om vir 'n mede-student kaartjies te koop nie, het hy vriendelik aansoek gedoen om voor my in die tou te val. Dit is te verstane dat hierdie aansoek baie ferm van die hand gewys is. Tot vermaak van die publiek in die tou voeg hy my nog 'n paar woorde toe oor die onbeskofheid van party mense en stap toe weg.

Nou ja, daar het u dit, hoe mense nog kan vra wat is 'n matriekkompleks, slaan my dronk? As ek nou so terug dink aan die jare toe ek op P.U.K. gekom het word my bloed koud as ek dink wat sou gebeur het as ek bv. vir Don Campbell of Christo Steyn so sou bygeloop het, om nie eens van Dick Putter te praat nie. Nee! Ek sê: Laat die ou Blikstudentesaal weer herleef, en laat die duike in die sinkplate, waar menige eerstejaar se komplekse uit hom gestamp is, staan as waarskuwing vir alle eerstejaars wat voel dat hulle koppe te groot is. Nog een ding, kan die ou menere wat vanjaar vir die eerste keer op die P.U. gekom het nie vriendelik gevra word om tog al die eerstejaars wat al so lank op die P.U. sit, vriendelik te groet nie?

Baie dankie, maar ek voel nog nie beter nie!

Deon du Plooy,
Histeriese (Historiese)
Vyfdejaar.

P.S. Aan daardie eerstejaar — ek het jou naam vir die S.R. gegee en as hulle nie 'n sinkplaat het nie, gaan ek self een voorsien!

**UNIE BAKKERYE**
**Posbus 244 - Foon 167 & 1086**
●
BROOD, KOEK en PASTEITJIES
Bakkers en Banketbakkers vir alle geleenthede.
TROU-, VERJAARDAG en DOOPKOEKE.
●
**Kerkstraat 60 - Potchefstroom**
**Spoorwegstraat - - Klerksdorp**

**DIE BULT APTEEK**
**TOMSTRAAT 86.**
**TELEFOON 3091.**
Nou geopen en tot u diens!
●
ONS LEUSE IS:
**„DIENS aan die gemeenskap"**
●
**Ondersteun Oud-Pukke!**
●

**W. J. SPAVINS**
**en Seun**
vir alle
ELEKTRIESE BENODIGDHEDE
Koelkaste Radio's
—□—
**Kerkstraat 101, Potchefstroom**
**Telefoon 185.**

Vir:
● GEKAPTE HOUT,
● BESTE KOLE,
● SKOON ANTRASIET
● en SMIDSKOLE,
Kom na . . .
**Stander & Linder**
**(Edms.) Bpk.**
Leweraars vir die Unie-tenderraad.
**Tel. 367 en 386—Wolmaransstr. 77**

**DAVY ROBERSON**
vir
* BETER FOTOGRAFIESE DIENSTE
en
* KUNSRAAMWERKE
**Tel. 317 - - - - - - Posbus 99**

# P.U.K. KUIER „LEKKER" EN VAAR GOED

Met min wind en nog halw stywe spiere het drie van ons rugbyspanne Saterdag 22 Maart op Sasolburg gaan besoek aflê. Met twee oorwinnings en een spel gelykop het die Pukke Saterdag die bus terug bestyg.

**DIE EERSTE SPAN**
**(Oorle Theos)**

In 'n wedstryd met geen besondere hoogtepunte nie, het ons eerste span gelykop teen Sasol se eerste span gespeel. Die telling 5—5 kan as 'n goeie weergawe van die spel waarin die Pukke in die eerste helfte die oorhand gehad het en die Sasolburgers in die tweede, beskou word.

As die Pukke se voorspelers in staat was om die woelige agttal van Sasol in die los in toom te hou en die losrollende balle te stuit, sou Sasol seker nooit die kans gekry het om agter ons pale te gaan kuier nie. Hulle drie wat omtrent vyf minute voor die einde gedruk is, is 'n produk van 'n voorspelerstormloop. Die Pukke sal 'n plan moet maak om die bal te stuit as die teenstanders se voorspelers die bal begin rondgooi, want in die Liga is daar verskeie ligte spanne wat dieselfde soort spel as Sasol speel.

Met die uitsondering van een of twee mooi agterlynbewegings aan Puk se kant, waarvan die een op 'n pragtige drie deur Nic Moolman en vervyf deur Toy Dannhauser, uitgeloop het, het die wedstryd nie besonder mooi hoogtepunte opgelewer nie. Af en toe het die toeskouers se kele darem oopgeraak as Sasol se voorspelers die bal onder mekaar rondgooi.

Vir Puk het heelagter Toy Dannhauser hom vertoon as 'n man van formaat (letterlik en figuurlik) met sy vér buitelynskoppe en sy posisionele spel. Met 'n beter kombinasie tussen Puk se senters Leon Thom en Jan v. d. Schyff, behoort hulle later in die seisoen tot 'n baie groot slaankrag vir die agterlyn te ontwikkel. Agter die skrum het Alfie Huyser ook sake altyd warm gehou.

In die vastespel en veral die skrum het dit nie so sleg met die Pukke gegaan nie. Casper Lessing het gesorg dat die Pukke die bal die meeste kere gehaak het. In die lynstane het dit bietjie moeiliker gegaan. Nogtans het Herman Venter mooi hoog gerank en die bal 'n paar keer mooi skoon uitgekry met die nodige ondersteuning van sy kaptein, Frans de Bruyn. Met 'n bietjie meer samespel onder die voorspelers behoort Puk eerskomende Saterdag in hul eerste ligawedstryd vir Strathvaal opdraande te gee.

**DIE NAVY!**

Die „Vloot" het Saterdag maar bietjie skrikkerig op die veld gedraf en kon nie gou op dreef kom nie, met die gevolg dat Sasol se tweede span dan ook eerste bloed geruik het met 'n drie wat vervyf is. Maar toe span die „Vloot" onder aanvoering van kaptein Willem Gronum sy seile oop en kry die wind van agter.

In Navy se agterlyn het „Tamatie" Boshoff op losskakel bestendig vertoon en Jan Combrink was soms gevaarlik op vleuel. Onder die voorspelers het Piet Steinberg baie goeie spel gelewer en behoort hy ook gou weer sy plek in die eerste span oop te speel. Die drie losvoorspelers was ook altyd woelig met Gronum aan die spits.

Senter Weber het die eerste drie vir Puk gedruk en daarna het Jan Combrink gaan druk na 'n breekslag van Frans Lessing. Die volgende drie het gekom van Gustav du Toit. Die laaste drie is deur „Tamatie" Boshoff gedruk. Geen drie kon vervyf word nie. Sasol het op die einde nog 'n strafskop oorgesit. Die eindfluitjie blaas met die telling 12—8 in Puk se guns.

**O-19A:**

Die O-19A span het almal verras met hoogstaande spel vir die begin van die seisoen. Hulle het 18—3 gewen. Op heelagter het Schalk Hoogenboezem goed vertoon, en die hele O—19 agterlyn beloof om nog gevaarlik te word. Louis Fourie het agter die oond ook sy ou standvastige spel gelewer en sy losskakel Porter goed versorg. Die voorspelers wat bietjie aan die ligte kant was, het hulle goed van hul taak gewyt. Met die hulp van Gert Steyn, die O-19-kaptein, se gewig behoort die voorspelers later ook baie goed te vaar.

## Dameshokkie

Die dames sal hierdie jaar hopelik 'n voorspoedige seisoen hê. Die eerstejaars het veel talent opgelewer en dit het duidelik navore gekom in die wedstryd teen die ou-dames wat Woensdagmiddag gespeel is. Die tyd was beperk en dus kon daar nie veel doele geskiet word nie. Die oudames het eerste punte aangeteken maar die opponente het nie op hulle laat wag nie. Die wedstryd eindig dus gelykop. 'n Eerstejaar wat regtig moeilik is met 'n hokkiestok is Jeanne „Tampan" Venter. Ons vertrou dat die dames 'n aktiewe belangstelling sal toon en in gedagte sal hou: die sukses van Intervarsity en alle Liga- en vriendskaplike wedstryde hang net af van 'n gesonde sportgees.

Ronel Bruyns.

# GROOT DINGE VIR DIE STOEIERS

Die Puk se Stoeiklub is al hard besig met oefen. Daar is vanjaar genoeg stoeitalent om met 'n bietjie inspanning, goed te vaar.

**LIGASTOEI.**

Dit is verblydend om te kan berig dat 'n Suid-Wes-Transvaalse Stoeivereniging gestig is. Ligastoei is dus voor die deur. Mnre. Willem Postma en Piet Brand het die klub op die stigtingsvergadering verteenwoordig. Laasgenoemde het ook addisionele lid op die nuwe bestuur geword. Hy was ook een van die afgevaardigdes van Suid-Wes-Transvaal na die Algemene Jaarvergadering van die S.A. Nasionale Stoeiraad verlede Saterdag.

As gevolg van die ligastoei sal die voorgestelde jaarporgram dus effens gewysig word. Die ligastoei sal ook baie sterk kompetisie tot gevolg hê.

**STOEITOERNOOI.**

Voor die end van die kwartaal wil die klub die eerste toernooi aanbied. Gedurende die e.k. vakansie wil die klub ook soveel as moontlik lede na die Stoeikamp te Hartebeespoortdam stuur. Heel moontlik vind die S.A. Universitêre Kampioenskappe ook dan daar plaas.

Die klub verwag sy tweede stoeimat ook binnekort. Die klub dra sy innige dank aan die S.R. oor vir hulle geldelike bydrae.

Die Stoeiklub wens alle mede-sportklubs alle sterkte toe vir vanjaar. Laat ons almal skouer aan die wiel sit en mekaar ondersteun.

Piet Brand.

## Tennisklub Sit Af Met Mooi Oorwinning

Op verrassende wyse het die Puk se eerste manspan Vrydagmiddag 21 Maart, 'n oorwinning oor 'n gekombineerde manspan van die dorp behaal.

In die enkelspelafdeling het die Pukke met 39 spelle teen 27 gewen en in die dubbelspelafdeling met 70 spelle teen 47.

Uitstekende spel by al die spelers van Puk was aan die orde van die dag. Piet Riekert en Brewis het teen alle verwagting in verras deur dr. Fourie en mnr. De Wet, die twee veterane van Dorp, 8—5 te klop.

Die Pukke se oorwinning kan toegeskryf word aan hul fiksheid waarteen Dorp nie bestand was nie.

Daar heers 'n baie goeie gees onder die tennisspelers en groot dinge kan vanjaar verwag word, ook in die Liga.

E. de Jager.

# KRIEKET

Tussen 2 en 6 Desember 1957 het die Puk se krieketspan aan die Inter-Universitêre krieketoernooi te Pretoria deelgeneem. Daar is wedstryde teen Rhodesië, Natal, Stellenbosch, Tukkies en U.O.V.S. gespeel. Alhoewel die Pukke in al die wedstryde die aftog moes blaas, was dit tog inderdaad aangenaam om hierdie universiteite op die krieketveld te ontmoet. Van prestasies aan die Puk se kant kan eintlik nie gepraat word nie. Ben Potgieter is miskien die enigste een wat vermelding verdien. Met die toernooi is daar waardevolle ondervinding opgedoen, veral met die oog op die toekomstige Interuniversitêre toernooie.

**GROOT ENTOESIASME.**

Met die aanvang van die tweede gedeelte van die afgelope seisoen het daar groot entoesiasme vir krieket geheers wat bewys is deur die feit dat so baie persone, veral ook eerstejaars, tot die krieketgeledere toegetree het. Ons vertrou dat hierdie geesdrif sal voortgaan wanneer die krieketseisoen weer in September 'n aanvang sal neem.

**PUK vs. P.O.K.**

Die laaste wedstryd van die seisoen is teen Normaal gespeel en dit het in 'n oorwinning op die eerste beurt vir die Pukke geëindig.

Die tellings was:
P.U. Eerste beurt: 95 almal uit.
P.O.K. Eerste beurt: 90 almal uit.
P.U. Tweede beurt: 100 almal uit.
P.O.K. Tweede beurt: 61 vir 5 paaltjies.

**STAATMAKERS.**

Waar ons verneem dat jarelange staatmakers hulle nou aan ons krieket gaan onttrek — ons dink aan Christi Coetzee, Hessel Dijkstra en Ben Potgieter — pas dit ons seker om hulle te bedank vir die ywer en geesdrif vir Puk se krieket, en ook vir alles wat hulle vir ons daarin gedoen het. Ons moet veral ook vir Ben hartlik bedank vir die ware kapteinskap wat hy ons in die afgelope drie seisoene gebied het.

A. Venter.

**TURKSTRA BAKKERY**
**(Edms.) Bpk.**
**KERKSTRAAT 61**
Raadpleeg ons vir . . .
• BROOD
en alle
• KOEKSOORTE
ELKE DAG VARS!